

**13 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6–3:9 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:14-3:3**

### **God se herskeppingswerk**

Paulus onderskei tussen drie tipes mense: die natuurlike, vleeslike en geestelike.

Hy skryf eerstens van die *natuurlike mens* wat nie die evangelie van Christus verstaan nie, want so 'n mens is nog nie wedergebore deur die Heilige Gees nie (ongelowiges). Die natuurlike mens wandel in die begeerlikhede van die vlees en doen die wil van die vlees (Ef 2:1-3). Die "vlees" dui hier op die gewoonte en neiging om onafhanklik van God te lewe (Rom 8:6-8). Die natuurlike mens kyk na sy omstandighede los van God, en dink: "Ek moet veg vir my eie oorlewing, want niemand sal na my kyk nie. Ek sal enigiets doen om myself te bevoordeel en te geniet, al moet ek my kollega beskinder, geld verduister of my huweliksmaat verneuk om my lewe te geniet." So loop die natuurlike mens se lewe uit op die sondige vrugte van die vlees (1 Kor 3:3 en Gal 5:19-21).

Paulus praat egter ook van die *geestelike mens*. Die geestelike mens is 'n natuurlike mens wat radikaal deur God se Gees herskep is tot 'n geestelik lewendige wese. Die mens staan weer in 'n verhouding met God soos vóór die sondeval. Ons ontvang vergifnis van sondes en aanvaarding in God se familie op grond van Jesus se kruisoffer. By ons wedergeboorte het God sy Gees aan ons gegee. Ons natuur is lig en nie meer duisternis nie (Ef 5:8).

Omdat ons weet dat Christus ons uit die mag van die bose gekoop het en ons natuur vernuwe het deur sy Gees, is ons nou in staat om te kies teen die vlees om vrugte van die Gees te dra (Gal 5:22-23).

*Sing: Skrifberyming 14:1 Ds SJ Briel (Bergbron)*